Muskiet
Amptelike Koerant
Vrydag 29 Junie 2018
GRATIS






Greta Pietersen, Carel Trichardt en Wessel Pretorius tree op in *Kleedkamer Blues* in die Nelspruit Stadsteater. ***Foto: Mia Louw/Innibos***

# Agter die skerms kom maskers af

**Paul Boekkooi**

*Kleedkamer Blues* deur Ludwig Binge
Met: De Klerk Oelofse, Wessel Pretorius, Gretha Pietersen, Ludwig Binge, Carel Trichardt
Regie en stelontwerp: Marthinus Basson

Onder vanjaar se debuutstukke is *Kleedkamer Blues* spesifiek gemik op denkende teatergangers. Moet dit nie as 'n anomalie beskou nie. Alle teatergangers behoort per implikasie immers mense te wees wat opinies het oor álle aspekte van die teateraanbod - vanaf Klassieke meesters tot by die hedendaagse gier rondom klugte wat as blote verstrooiingsvermaak dien.

Ludwig Binge, akteur en dramaturg, se *Kleedkamer Blues* beeld 'n spanningsvolle scenario aan rondom tonele wat die gehoor nooit te sien kry nie: Presies dít wat agter die skerms, in kleedkamers, oefenlokale en tussen akteurs wie se gemoedere hoog loop, gebeur en bykans onkeerbaar tot die spits gedryf word.

Die "Blues" van die titel bekyk dan ook al die vlakke en elemente waarop dié woord kan sinspeel. Dit kan 'n langdurige statiese situasie wees waarin gevoelens vasval en waarvan die individu hom- of haarself moeilik kan verlos en dan eerder in afsondering voortleef. Sommige sielkundiges verwys onder mekaar daarna as synde 'n vorm van semipermanente gemoedsbek*kking wat slegs met langdurige terapie afgeskud kan word.

Akteurs is fanaties toegewyd aan hulle beroep en sal selde enigiets in hulle pad laat staan om hulle doelwitte te bereik. Elkeen wil nog eendag daardie handjie vol edelgoud-rolle speel waarmee jy onsterflike roem kan behaal indien jy daarin slaag. Die pad daarheen loop nie deur die paradys nie. Inteendeel: sommige akteurs sal oor lyke loop of vloermoere gooi om daardie rolle te kry.

**Die hart van *Kleedkamer Blues* wentel om die verhouding tussen vier jong akteurs en 'n ou veteraanakteur**

Binge se stuk aktiveer heelparty van dié soort intriges, maar keer baie wyslik voordat dit begin oorheers. Daar is bepaald ook sagter vlakke in hierdie drama te ontdek.

Dit gebeur veral waar die inspirasie van die muse die geselskap wat hier ondermekaar wedywer om die bietjie kalklig na hulself te lok, ook tyd en aandag aan hulle medespelers bestee, al is dit soms uiters selektief.

Samuel Beckett se *Waiting for Godot* word hier deur Binge as 'n interteks aangewend. Intertekstualiteit is 'n postmodernistiese tegniek om doelbewus en deursigtig ander skrywers se tekste in 'n literêre werk op te neem.

*Vervolg op bladsy 2*

**KOEKSISTER VIR AFRIKA**
**Kom proe SA se drie beste koeksisters**
4



**VLYMSKERP TONGE**
**3 Susters grawe ou koeie uit die sloot op lughawe**
8



**PRETPARKPLESIER**
**Die pretpark sorg jaarliks vir tonne vermaak. *Muskiet* vang dit op kamera vas**
12



**WOZA ALBERT**
**A true classic on stage at Innibos**
23





# Vermaak uit die boonste rakke

Elke feesdag om 18:00 kry duisende Innibossers hulle sit en staan voor die Standard Bank-hoofverhoog vir 'n musiekkonsert uit die boonste rak. Dié konserte is produksies in eie reg en spog met groot name soos Junaita du Plessis, Riana Nel, Karen Zoid, Lianie May, The Parlotones, Theuns Jordaan en Ghoema-wenner Jo Black, om maar net 'n paar te noem.

Vanaand by die JacarandaFM-konsert is Bok van Blerk, Elvis Blue, Kurt Darren, Karlien van Jaarsveld, Touch of Class en Elandré Schwartz aan die beurt.

Die meeste van dié name het geen bekendstelling nodig nie. Wie kan nie saamsing met Bok se "Afrikaner Sing", "Land van Melk en Heuning" en "Steek die Vure Aan" nie? Elvis gee ons al jare "Rede om te Glo", "Spore" en "Lighthouse".

Kurt se "Kaalvoet Sokkie" en "Jy's 'n Legend" is al amper so gewild soos die megatreffers wat hom destyds bekend gemaak het. Karlien met haar "Geskeurde Jeans" "Sing vir die Liefde".

'n Relatiewe nuweling is Elandré. Hy het verlede jaar sy debuutalbum *Kleindorp-dromer* vrygestel. Liedjies soos "Afrikaans Sal Bly" en "Stilte Voor die Storm" is reeds baie gewild en hy is vinnig besig om links en regs aanhangers te werf.

Hy is vanaand in groot geselskap. Moenie die JacarandaFM-konsert misloop nie.

**• Die show begin om 18:00 en toegang is ingesluit by die toegangsfooi tot die feesterrein. Dit kos R175. Gouesirkelkaartjies beloop 'n bykomende R120.**


**Bok van Blerk.**


**Kurt Darren.**


**Elvis Blue.**


**Elandré Schwartz.**

# Uit die gehoor se oog loop hulle gemoedere tot breekpunt toe hoog


De Klerk Oelofse (links), Greta Pietersen (agter) en Wessel Pretorius (voor).
***Foto: Mia Louw/Innibos***

*Vervolg vanaf bladsy 1*

Die hart van *Kleedkamer Blues* wentel om die verhouding tussen vier jong akteurs en 'n ou veteraanakteur, Paul, wat spesiaal genooi is om in hierdie spesifieke alternatiewe weergawe van die universeel beroemde Beckett-stuk op te tree.

As Paul, uiterlik oud en afgeleef, maar met steeds die innerlike dryfkrag en idealisme van 'n ware *pro*, lewer Carel Trichardt sonder twyfel een van sy mees aandoenlike rolle in 'n loopbaan van ruim vyf-en-'n-half dekades.

In sy interaksie met sy medespelers wat almal in hulle twintigs is, kruip die gevoel na vore dat die generasiegaping, die etos en die intellektuele verwydering tussen hulle onoorbrugbaar skyn te wees. Paul het die beste kontak met Hendrik (De Klerk Oelofse) aangesien hy skynbaar die enigste akteur onder die jongeres is wat werklik nog kan luister.

Binge self speel die rol van Johan wat, heel kwesbaar, die Blues-man in hulle geledere is.

Hy leef in relatiewe afsondering binne hierdie enklave agter die verhoog wat slegs deur akteurs betree mag word. Sy opgekropte adrenalien kom slegs tot volle uitbarsting wanneer krisisse hulle voordoen.

André (Wessel Pretorius) se nerwe open hy na buite in 'n vertolking met 'n verbete tempo. Daarin uiter hy soms onkeerbaar driftige spraakwatervalle wat die spanning en negatiewe stemming intensifiseer. Daarenteen, in enkele korter tonele, ontlont hy dit dan skielik en wonderbaarlik om dit dan in skerp humor te laat oorslaan.

Gretha Pietersen in die rol van Wena is verbaal net so vlytig as haar voorste mededingers onder die mans, terwyl sy die energie wat haar rol vereis meerdoelig aanwend. Haar uitspraak wat plek-plek moeilik is om te volg in die reuse Stadsteater.

Marthinus Basson is as regisseur uitgeknip om die masjinerie van die toneelbedryf op 'n wye skerm vas te vang, maar ook in die treffende kleiner detail oor die voetligte te dra.

Hy is die kragopwekker wat akteurs bly inspireer om ook soms die metafisiese dimensies van die teater binne te dring.

Uiteindelik is tog die blywendste indruk wat *Kleedkamer Blues* laat juis die onuitblusbare polsslag van die teater wat by monde van Carel Trichardt die kyker bereik, maar ook die talle verwysings na die krisis waarin die teater hom bevind. In dié opsig is Binge se teks dan ook so tydig dat dit rooiligte onophoudelik behoort te laat flits.

Sal die reaksie daarop weer eens bloot apaties wees?

**• Vandag om 10:00; Saterdag om 15:00 in die Nelspruit Stadsteater. Tydsduur: 120 minute. Prys: R142.**






# Soos bagasie kom jou *issues* saam op reis

**Retha Nel**

Dis nie aldag dat 'n mens oor 'n koppie koffie met 'n SAFTA-bekroonde skrywer soos Louis Pretorius kan gesels nie. Veral nie oor 'n teks wat Lizz Meiring, Nicole Holm en Margit Meyer-Rödenbeck op die verhoog vorm gee in die debuutproduksie *3 Susters* nie.

Woensdagmiddag op Cicada se stoep in Sonpark-winkelsentrum, vertel Louis dat Margit hom genader het om 'n teks oor drie susters te skryf en vandaar het hy met idees van 'n lughawe en 'n 50ste verjaarsdag begin speel.

*3 Susters* handel oor (wat anders?) drie susters, wat op 'n lughawe sit omdat hulle vlug na Thailand vertraag is. Die drie het elkeen hulle onderskeie probleme en het verskillende verwagtings van wat die besoek aan die Oosterse land gaan inhou.

**Alles in die lewe bring probleme. Jy moet self onderskei watter vir jou lekker is en waaraan jy bereid is om tyd te bestee**

"Maar hoe benader 'n mens die konsep anders as hoe Nico Scheepers dit reeds puik in *Amper, Vrystaat* gedoen het," het Louis homself afgevra. Hy het besluit om die grenslose, tydlose spasie van 'n lughawe te benut. "Hier is die speelveld gelyk. Die karakters se persoonlikhede kan bots en oorvleuel," verduidelik hy.

Louis hou daarvan om vanuit 'n sielkundige wond te skryf en die aspek is gewoonlik deel van sy tekste. "Ek wil skryf oor wat dit beteken om mens te wees en in die proses wil ek ook mense gerusstel dat alles op die ou einde okei sal wees," sê hy. "Alles in die lewe bring probleme. Jy moet self onderskei watter vir jou lekker is en waaraan jy bereid is om tyd te spandeer."

In *3 Susters* is elke karakter op 'n dieper vlak op reis en wil van hulle probleme wegkom. Die een is 'n oorwerkte ma en soek na stilte. Die ander een is bang om 'n daadwerklike tree te neem om haar lewe te verander. Die derde vlug van 'n *checkered past*. Hulle het egter ook die potensiaal om te verander en dis juis wat die toneelstuk ondersoek.

Louis, wat die skrywer en regisseur van die gewilde *Die Boekklub* is, vertel dat teater ongelooflik bevrydend is. Jy is nie soos met TV gebonde deur spesifieke tegniese vereistes nie. Jy kan met dekor tonele op 'n verskeidenheid plekke laat afspeel wat tegnies baie uitdagend of duur in film of televisie sal wees.

Met televisie "dwing" 'n regisseur die gehoor ook om vanuit 'n sekere perspektief 'n situasie te beskou, waar teater die gehoor 'n keuse gee.

Hy het met opset *3 Susters* se ruimte eenvoudig gehou sodat daar 'n groter fokus op die karakters is. Hy het dit ook geniet om meer poëties te skryf en met woorde te speel.

Die toneelstuk het elemente van komedie en drama in, met die gehoor wat lag oor die manier waarop die karakters hulle psigiese wonde benader. "Dis deel van Suid-Afrikaners se psige om te kan lag ten spyte van tragedie en ek probeer dit altyd in my skryfwerk insit. Dinge begin verkeerd gaan as mense hulself te ernstig opneem," meen Louis.

Was dit moeilik om vrouekarakters te skryf? "Almal het op die ou einde dieselfde *issues*, dit manifesteer net anders. Ek skryf maar net oor hoe mense die probleme op hulle pad hanteer," verduidelik die skrywer.

Die stuk het heelwat navorsing geverg om die karakters so geloofwaardig as moontlik te maak. Louis, wat Woensdagmiddag in die gehoor gaan sit het tydens die eerste vertoning van *3 Susters*, het die hoop uitgespreek dat mense dit ten minste "amper snaaks" sal vind.

Louis het vertel dat hy daarna uitsien om sy klein rukkie by Innibos behoorlik te geniet. Hy het genoem dat hy graag *Kleedkamer Blues*, nog 'n debuutproduksie, wou gaan sien aangesien hy verskeie van die betrokkenes ken.

*3 Susters* is nog vanaand om 19:00 en môre om 14:00 by Laerskool Laeveld te sien.


Louis Pretorius.

## Skenk bloed - red 'n lewe

Innibos is besig om vanjaar die mees waardevolle geskenk - die een van lewe - te gee, met SANBS wat weer by die fees is. Almal word aangemoedig om te kom bloed skenk. Volgens die bloedbank kan jy selfs skenk as jy 'n drankie gehad het. Hulle het verlede jaar 333 eenhede ontvang en poog om vanjaar 400 eenhede te trek. Die Orgaanskenking-fonds is vanjaar in dieselfde tent en persone kan ook hier registreer om 'n orgaanskenker te word. Saam met die pret van die fees kan jy dus ook help om iemand anders se lewe te red.



**Ernie Pienaar en Anel Fincham by die SANBS stalletjie.**

**Wat sê die weerman?**

Hy voorspel 'n matig tot warm Vrydag, met die kwik wat na verwagting sal skyf tot 24°C. Onthou gerus 'n warmding want vanaand gaan dit afkoel tot 10°C, met 'n noordoostewindjie van soveel as 11 km/u. Die son gaan 17:16 onder. Saterdag is heelwat warmer, met die kwik wat tot 30°C kan styg. Die minimum is egter 8°C met 'n stewige westewind wat die koue deur die klere kan stoot.










En voila, dis gereed om aan te proe!

# Esther se kosdemonstrasie steek die wêreld byna aan die brand



Heila Jooste besluit om die eindproduk te toets.

**Mariana Balt**

Die handjievol belangstellendes wat Donderdagmiddag Esther Malan se kosdemonstrasie by die ATKV-Boeke-oase bygewoon het, was maar te dankbaar dat daar nie meer mense was waarmee hulle die gereg moes deel toe proetyd aangebreek het nie.

Esther Malan is assistentkosredakteur van *Huisgenoot* en *You* en haar hande staan vir niks verkeerd nie! Sy is die Galliova-kosskrywer van die jaar en ken al die kortkunsies in die kombuis.

Sy het pikant-gemarineerde hoenderborsies, Salza Verde en 'n maklike platbrood voorberei en saam met net so 'n maklike slaai en tuisgemaakte slaaisous opgedien.

Met meer as die gaste vuur en vlam om meer van haar te leer, het die venue self 'n noue ontkoming gehad toe die pan waarin die platbrood gebraai moes word, vlam vat toe sy die olie daarin gooi.

Gelukkig was Esther self koelkop genoeg om die situasie te beredder en niemand sou daarna kon raai dat 'n katastrofe netnet afgeweer is nie.

So tussendeur het sy waardevolle wenke met die gaste gedeel, onder andere om suurlemoene se skille af te rasper en te vries vir latere gebruik, om die suurlemoen se sap tussen haar vingers deur uit te druk om die pitte op te vang, en om sonneblompitte droog in 'n pan te rooster vir 'n ekstra pikante smaak in menige gereg.

Natuurlik moet die proe die praat bevestig en kon die gaste agterna heerlik aan die gereg smul. Of nee wat! Mens kan daardie ou proeseltjie beslis nie smul nie, maar darem...

## Proe SA se drie beste koeksisters

**Arisa Janse van Rensburg**

As jy lus is vir 'n sappige soetigheidjie is die Huletts Koeksisterkompetisie by die kykNET-Leefstylverhoog beslis die plek vir jou.

Hier kry lede van die publiek die geleentheid om drie verskillende koeksisters te proe.

Dié lekkernye is die produkte van Christine Spies, Marida Schutte en Almarie Uys wat as die drie finaliste na 'n landswye kompetisie aangewys is.

Sunette Barnard en Maaida Miljo van die Vrouelandbou-unie (VLU) was lede van die span beoordelaars wat die finaliste aangewys het.

"Finaliste moet 'n foto van hulle koeksister saam met die inskrywingsvorm en 'n motiveringsbrief ingee. Hierna word 'n top-15 gekies en hulle moet dan 'n dosyn van hulle koeksisters instuur vir die beoordelaars om te proe," verduidelik Miljo.

Dié drie finaliste is toe uit hierdie proses gekies. Volgens Daniël van der Merwe van Huletts het hulle Woensdag reeds sowat 630 stemme ontvang.

"Dit beteken 630 persone het reeds ál drie koeksisters geproe. Daar is al egter meer geproe maar nie almal doen die moeite om te stem nie - party kom eet maar net vir die lekker," sê Van der Merwe maar voeg by dat mense vanjaar reeds meer stem as in die verlede.

Saterdag gaan die wenner van die kompetisie aangekondig word en sy sal R100 000 ontvang.

Gaan proe die land se lekkerste koeksisters voor die einde van die week!



Die finaliste Christine Spies, Marida Schutte en Almarie Uys met hulle koeksisters.




Sunette Barnard en Maaida Miljo van die VLU is self ook kranige bakkers en volgens Miljo was dit vir hulle heerlik om by die kompetisie betrokke te wees.




Die akteurs Francois Jacobs, Donnalee Roberts en Ivan Botha het ook koeksisters kom proe.

# Teëspoed ry toe eerste Innibos byna in die wiele

Annatjie Zeiler het 'n slegte begin aan haar eerste Innibos-fees gehad. Gelukkig het Mbombela se inwoners en die fees se mense saamgespan om hulle en hulle ervaring te red.

Zeiler, wat Anjan se Plaaskombuis bedryf, het Maandag saam uit Pretoria Mbombela toe vertrek saam met haar vriendin Marie Coetzee en helper Kenny Mokoena.

"Dit was 'n prettige rit. Ons het die pragtige wintertonele langs die pad bewonder en soentjiekoekies by Milly's gekoop.

"Die vrag was swaar dus was ek maar geduldig met my Caddy-bakkie en so kom ons teen hoogskemer by die Innibos-feesterrein, aan.

"Onthou, dis ons eerste besoek so ons weet glad nie waarheen volgende nie. Ons hou toe maar stil en vra aanwysings. Toe ek die voertuig weer aanskakel, bespeur ek moeilikheid.

Terwyl ons registreer en aanmeld, ondersoek Kenny die enjin. Hy word nie veel wys nie. Ons vertrek na ons stalletjie en trek ewe opgewonde onder die dakkie in."

Dis toe dat daar vreemde geluide onder die enginkap begin uitkom.

"Weer eens bekruip Kenny die motor met 'n selfoonliggie. Hy gooi water in en daar loop alles onder uit. Probeer weer, en daar loop die tweede twee-liter reg deur die enjin. Nou weet ek, ons het moeilikheid."

Hulle sit toe die bakkie en voorraad in die tent, en Mokoena besluit om daar te slaap om dit op te pas. Die volgende dag toe sleep 'n gawe werktuigkundige die bakkie na sy werkswinkel toe. Nog later word hy na nog 'n wonderlike inwoner gesleep wat bevestig die waterpomp is nie meer in 'n werkende toestand nie.

Sy voel 'n hele klomp engeltjies het saam met hulle van Pretoria af gery sodat hulle veilig in die dorp kon aankom. "Daardie waterpomp moes al lankal afgetree het. Dit was in drie stukke."

Gelukkig is daar nie skade aan die enjin nie.

Hulle het egter hulle permitte om by die feesterrein, waar hulle uitstal, in te kom daar binne vergeet.



**Sy voel 'n hele klomp engeltjies het saam met hulle van Pretoria af gery sodat hulle veilig in die dorp kon aankom**

Kenny het die stalletjie deursoek, die permitte gevind en deur die heining vir hulle aangegee. "En daar betree ons Innibos toe amptelik."

Verder gaan dit goed met haar stalletjie by die Bosmôl. Zeiler het die Innibos-organiseerders en -werkers geloof vir hulle netheid en vriendelikheid. "'n Groot kompliment aan die feesorganiseerders. Julle organisasie is puik."



Marie Coetzee, Kenny Mokoena en Annatjie Zeiler.



# Leer meer oor die binnewerke van jou amptelike feeskoerant, *Muskiet*

**Carli Koch**

*Laevelder* borg vanjaar Die Arena-verhoog tussen die Castle- en Amstel-tent. Bestuurder van die verhoog, Paul Jordaan het die koerant vir hulle bydrae bedank en uitgevra wie en wat Laeveld Media is.

Moet nie vandag se praatjie oor Innibos se amptelike feeskoerant, die *Muskiet* misloop nie.

**So tree die kunstenaars vandag op**

**Vrydag 29 Junie**

| | |
|---|---|
| 11:00-11:30 | Geraldine Scholtz |
| 11:30-12:00 | Bianca Blanc |
| 12:00-12:30 | Deon Groot |
| 12:30-13:00 | EON |
| 13:00-13:30 | EON |
| 13:30-14:00 | Lee Scott |
| 14:00-14:30 | Kerry Lee |
| 14:30-15:00 | Willem Botha |
| 15:00-15:30 | Franja du Plessis |
| 15:30-16:00 | Piet Pompies |
| 16:00-16:30 | Liezel Pieters |
| 16:30-17:00 | Tussen Sterre |
| 17:00-17:30 | Joe Foster |

**Hoofverhoog**

| | |
|---|---|
| 22:30-24:00 | Beeskraal. |




















# Dié twee Dowwes *mesmeraais* hulle gehoor

**Paul Boekkooi**

*Dowwe Wicus en Dolla van der Merwe*
Met: Margit Meyer-Rödenbeck en Wicus van der Merwe
Teks en regie: Wicus van der Merwe, Margit Meyer-Rödenbeck, Jurgen Human

"Haai, man, ek het my oor 'n mik gelag en toe ek my weer kom kry, sien ek ek't my mascara ook totáál afgelag. Hulle is vrek goed," vertel 'n vrou vir haar man of kêrel terwyl hulle buitentoe stap ná hulle 70 minute in die geselskap van dié twee Van der Merwes by die Laeveld Laerskool was.

Hierdie vertoning skop met 'n barshou weg, soos 'n perd wie se harnas onverwags afgepluk word, dan skielik vryheid ruik en met 'n onkeerbare galop wegstorm die wye wêreld in. Wicus en Dolla moet naamlik op nommer 99 die TV-nuus in 'n ateljee lees omdat die geskeduleerde leser in die Johannesburgse N1- en M1-verkeer vassit.

Soos elkeen van dié twee kan verwag, loop omtrent alles waaraan 'n mens kan dink verkeerd. Prominente voorname en vanne van mense in die nuus wat gewoonlik in al 11 die tale redelik korrek uitgespreek moet word, begin by monde van Wicus en Margit vloei of stotter op die mees vervormde maniere moontlik uit hulle monde voort.

Met hierdie agter die rug, begin, soos by meeste komediante 'n reeks tweegesprekke tussen hulle en geteikende mense in die gehoor. Die meeste van hulle krimp in een en het skaars die moed om met die gasheer en -vrou saam te speel.

Na 'n tydjie begin hulle om die program duidelik voort te sit soos hulle dit beplan het. En die gehoor reageer selektief daarop. Dis reeds dán dat die vertoning so effens lank in die tand begin word. Maar die twee Afrikaanse ikone (in watter medium hulle ookal optree) weet minstens ook uiters noukeurig hoe om hierdie effense lugleegtes met 'n volgende humorsalvo te vul.

In 'n ouditorium wat tot in sy nate gevul is, eet die gehoor lustig uit hulle hande en monde, terwyl min van hulle agterkom dat 'n vorm van herhaling intree. Gehore wat so saggemaak word besef dit ook nie dat hulle op 'n goedkoop manier gemanipuleer word nie. Om *gemesmeraais* te word, is heeltemal iets anders. Maar lag sal hulle bly lag.

Persoonlik is ek so effens onderweldig met dié aanbieding, maar die menigtes is voluit geregtig om anders daaroor te voel.

• Vandag (Vrydag) om 10:00 by Laerskool Laeveld. Tydsduur: 70 min. Prys: R142.





**Hierdie vertoning skop met 'n barshou weg, soos 'n perd wie se harnas onverwags afgepluk word, en skielik vryheid ruik**







*Foto's: Hennie Homann / www.hhphotoxpress.co.za*



# Drie van die bestes doen hul naam weer gestand

**Alita Steenkamp**

Wanneer Mathys Roets, Kevin Leo en Danie Niehaus met 'n a cappella-weergawe van Bruce Springsteen se "Factory" wegtrek - in 'n styl wat herinner aan The Flying Pickets se weergawe daarvan - voel 'n mens meteens asof jy tuis gekom het.

Nie net het hierdie gewilde sanggroep die toets van tyd deurstaan nie, maar die drie se stemme kombineer steeds op 'n wonderlike wyse.

*Drie van die Bestes - 20 jaar later* is 'n viering van meer as 20 jaar se musiekmaak en kameraderie. Die drie het in 1997 vir die eerste keer saamgesing en 21 jaar later is hulle steeds so gewild soos die eerste keer wat hulle gehore verras en betower het. Die klavierbegeleiding van die talentvolle Matthys Maree maak van hierdie 'n vertoning wat nie teleurstel nie. Maree is ook die knap musikale regisseur van hierdie produksie.

Op die lysie treffers wat die drie in hierdie vertoning aanpak, is liedjies soos Cliff Richard se "Bachelor Boy", Neil Diamond se immergewilde "Sweet Caroline", 'n heerlike Hillbilly-keurspel, Johannes Kerkorrel se "Somer", Lucas Maree se "Victoriabaai" en 'n pragtige verwerking van Frank Sinatra se "My Way".

Elkeen van die drie kunstenaars kry ook die geleentheid om met 'n solo of twee te wys waarom hulle elkeen 'n ster in eie reg is en reeds vir jare suksesvolle sangloopbane het. Kevin Leo met "La Donna è Mobile", Danie Niehaus met sy roerende "Somer in Parys" en Mathys Roets met "In my Lewe", 'n liedjie geskryf deur Nardus du Plooy, sorg vir wonderlike hoogtepunte in die vertoning.

'n Groot deel van die sukses van die Drie van die Bestes-vertonings, is die heerlike humor wat altyd deel van hulle optredes is. Hiermee stel die drie ook nie hierdie keer teleur nie. Dit bly besonder lekker om 'n uur of wat in die geselskap van goeie vriende en musiek deur te bring.

*Drie van die Bestes - 20 jaar later* was Donderdag 28 Junie vir oulaas in Nelspruit Hoërskool se ouditorium aangebied.

> **Dit bly besonder lekker om 'n uur of wat in die geselskap van goeie vriende en musiek deur te bring**



Danie Niehaus, Kevin Leo en Mathys Roets.















# Beleef die chaos en genot van vrouwees

**Paul Boekkooi**

*3 Susters*, deur Louis Pretorius
Met: Lizz Meiring, Nicole Holm en Margit Meyer-Rödenbeck
Regie: Tara Notcutt

*3 Susters*, uit die pen van Louis Pretorius wat ook verantwoordelik was vir *Die Boekklub* op TV, het totaal niks met Anton Tsjechof uit te waai nie, maar skets gebeure wat voluit in die kategorie werklikheidsteater val.

Die intrige daarvan is 'n samerapping van eietydse realiteite wat skynbaar veral vroue se lewens binnedring, die effek van sosiale media op interpersoonlike waarnemings, gedragspatrone en die feit dat privaatheid feitlik 'n uitgestorwe kommoditeit geword het, of dan selfs 'n beskermende luukse wat skaars meer bestaan.

Die drie susters is Christine (Lizz Meiring), Bianca (Nicole Holm) en Anel (Margit Meyer-Rödenbeck). Laasgenoemde twee is (bepaald!) 'n nie-identiese tweeling, maar word tog - al is dit nie altyd té oënskynlik so nie - in 'n mate oorheers deur die soms erg neurotiese Christine.

Hulle wag op die lughawe om na Thailand te vertrek, maar weens omstandighede buite hulle beheer word die vlug se vertrektyd steeds uitgestel. Dit laat die gemoedere tussen die drietal behoorlik wipplank ry.

*3 Susters* is baie duidelik op vrouegehore gemik en ontgin die lief en leed van verhoudings, met uiteindelik 'n sterker aksent op dit wat van nature meer negatief kan begin uitdraai, siende dat die wagproses eintlik skaars die beste uit enige van die drie susters na vore sou kon bring.

Venyn tree in te midde van ou(er), onopgeloste beskuldigings wat heen en weer tussen die susters vlieg. Daar is maar min werklike diepgang en by tye selfs nog minder gesonde logika in die wyse waarop daar tussen hulle gekommunikeer word.

Die teks is net iets té dikwels inkongruent. Dit is tipies van 'n geval waar die temas, wat eintlik almal in die beginfase van iets wat, ideaal gesproke, heelwat dieper kon of moes ontwikkel het, bly vassteek.

Dit is bykans heldhaftig vir 'n byna middeljarige manlike dramaturg om die konglomerasie van temas by die horings aan te pak en nog steeds iets daarvan te maak wat die oorwegend vroulike gehoor by die openingsopvoering Woensdagmiddag bykans deurlopend laat skater het, al was karakterontwikkeling per se minimaal.

Tog is die prestasies van die sterk uiteenlopende en uiters vaardige akteurs - elkeen met spesifieke kwaliteite wat opvallend is - dikwels 'n genot om sélfs, te midde van die chaos wat hulle met hul optredes veroorsaak, te aanskou.

• Donderdag 28 Junie om 09:00, Vrydag 29 Junie om 19:00 en Saterdag 30 Junie om 14:00 by Laeveld Laerskool. Tydsduur: 90 minute. Prys: R142.







Margit Meyer-Rödenbeck, Lizz Meiring en Nicole Holm tree op in *3 Susters* by Laeveld Laerskool. ***Foto's: Mia Louw/Innibos***







# Innibos se eerste produksie op ys slaan asems weg



Hardus Hartzenberg

Ek het ons kroos saamgevat vir die vertoning van Winter Wonderland en kon duidelik die opgewonde verwagting in die blink van hulle ogies sien.

Van die dekor tot die ligte wat soos groot sneeuvlokkies op die blou ys geglinster het, was soos 'n absolute sprokie vir hulle. 'n Droomwêreld wat hier voor hulle oë onthul word met elegante stryke op die gladde ys.

My twee dogtertjies, die oudste een met die blonde hare (net soos Elsa van *Frozen*) en die jonger brunet (Anna natuurlik) was totaal en al weggevoer in hierdie reis met uittreksels uit *Beauty and the Beast*, *Brave*, *Frozen* en *Mulan*.

Natuurlik is hulle nou so geïnspireerd om ook yskaats aan te durf op vier- en vyfjarige ouderdom.

Die produksie wat in samewerking met i'langa Winkelsentrum en SA School of Skating aangebied is, het die hele gehoor fluitend uit hulle stoele gehad.

Die toneelspel en vaardigheid van die skaatsers het almal se asem gesteel. Die vertoning is van die hoogste kaliber en briljante vermaak vir almal wat vir 40 minute na 'n winterwonderland wil wegglip, nie net ysskaatsliefhebbers en kinders nie.

Die mees indrukwekkende deelnemers aan die produksie is die jongste twee dogtertjies wat nie veel ouer as my eie twee was nie, en vreesloos spronge gewaag het wat foutloos uitgevoer is.

Die produksie is nog tot môreoggend 09:00 te sien.



*Foto's: Odette Hartzenberg / Iconic Management*





## Snorseun gee feesgangers nóg ’n rede om te lag

Maak jou reg want Schalk Bezuidenhout is hier om jou te laat rol van die lag by Innibos. Hy en Erns Grundling het hulle boek, *Truitjie, Roer My Nie*, by die ATKV-Boeke-oase kom bemark en het Donderdag met Ivor Price oor die boek gesels. Schalk is ook hier om sy nuutste vertoning, *Snorseun*, aan feesgangers bekend te stel. *Snorseun* is Saterdag 30 Junie om 15:00 by Lowveld High School te sien. Kaartjies kos R132 en die produksie is nie geskik vir persone onder die ouderdom van 14 nie.

# Voel gerus veilig op die feesterrein



Sicelo Maziya, Sifiso Thubane en Sarah Sibiya is van die sekuriteitswagte wat by die hek ontplooi is.

**Arisa Janse van Rensburg**

Veiligheid geniet die hoogste prioriteit op vanjaar se terrein. J&M Sekuriteit werk vanjaar nou saam met Nelspruit Concerned Citizens (NCC), die polisie, die hoofwegpatrollie en die bierpolisie om te verseker dat die terrein te alle tye veilig is.

“Ons het verlede jaar met die veldtog teen minderjariges wat alkohol gebruik, begin en is vanjaar weer baie streng by die kroeë,” sê J&M-woordvoerder Werner Terblanche.

Volgens Terblanche werk die toegangsbeheer ook baie goed en was daar nog geen voorvalle op die terrein nie.

“’n Paar persoonlike besittings het Woensdagaand weggeraak, maar ons het alles weer gevind.”

Hy raai feesgangers aan om hulle persoonlike besittings op te pas en altyd byderhand te hou.

Daar is ongeveer 100 veiligheidsbeamptes in en om die terrein ontplooi.

J&M het verlede jaar saam met NCC ook ‘n projek geloods om die beskerming van motor te verbeter.

“Die karwagte gaan deur ‘n siftingsproses waar ons verseker dat hulle wel as wagte sal kan optree.”





Die SAPD patroleer die terrein op perde.



Fokofpolisiekar.

# Só rol die rockers by jou gunstelingfees

Rock gaan daar gerock word op die kykNet Nou! -verhoog by vanjaar se Innibos met altesaam 10 bands op een verhoog.

Vanaand gaan Fokofpolisiekar, Wonderboom, Bittereinder, Matt Carstens en Wit Kasteel die snare laat huil.

Fokofpolisiekar, Wonderboom en Bittereinder speel al vir jare lank die land se verhoë aan die brand met treffers soos “Hemel op die platteland”, “Southern Light” en “Hartseer Gangster.”

Matt Carstens was verlede jaar die wenner van die Innibos RockRumoer en gaan sedertdien met rasse skrede vooruit.

Die Pretoriase groep Wit Kasteel het in Maart vanjaar hulle debuutalbum vrygestel, hoewel hulle al sedert 2012 saamspeel. Met ’n aanslag van ouskoolse rock, punk en selfs dié met klassieke ondertone, het Wit Kasteel ’n vars klank.



Matt Carstens.

• Die volledige Innibos-program is by innibos.co.za te sien. Die rockkonserte is gratis (ingesluit by die feesterreintoegang).



Wonderboom. ***Foto: Anton van Straaten***

# ATKV en Innibos bied oase vir boekliefhebbers

**Liezel Lüneburg**

Die boekgesprekke by Boeke Innnibos is elke jaar 'n hoogtepunt vir liefhebbers van die geskrewe woord en hierdie jaar is geen uitsondering nie. Die ATKV-Boeke-Oase bied immers die geleentheid om persoonlik met van ons beste Afrikaanse skrywers kennis te maak.

Donderdagoggend kon entoesiastiese lesers luister na 'n boekgesprek met Chanette Paul en Bets Smith, twee van ons voorste outeurs van spanningsfiksie. Alita Steenkamp, joernalis en kampvegter vir Afrikaans, het as gesprekleier opgetree.

Chanette het geen bekendstelling nodig nie en met meer as 40 gepubliseerde werke op haar kerfstok is sy wyd bekend as 'n meester van spanning.

Bets Smith, aan die ander kant, is moontlik een van die Laeveld se besbewaarde geheime - sy het reeds 27 werke uitgegee. Dít op sigself plaas haar in die kamp van mees gepubliseerde Laeveldse skrywers ooit. Bets skryf liefdes- en spanningsverhale en daar is dikwels in Chanette se verhale beide 'n liefdes- en spanningslyn ingeweef.

Die boekgesprekke gee aan lesers 'n blik op die skryfproses: Hoe word 'n storie gebore en deur watter proses moet die skrywer, die storielyn en die karakters beweeg om uiteindelik as 'n volwaardige boek op die rak te verskyn?

In Chanette se nuutste verhaal, *Uit die Bloute*, maak die gewilde karakter Jojo Richter weer 'n verskyning. Bets se jongste boek, *Kringloop*, vorm deel van die Bloedspoor-tweeluik en beloof om lesers te laat naels kou. Die boek speel in die Laeveld af en dit is heerlik om die plekke te eien waaroor geskryf word.

Bets het eers later in haar lewe besluit van haar liefde vir lees na skryf oor te slaan, terwyl Chanette begin skryf het die oomblik toe sy 'n pen kon vashou. "Ek het in gr. 10 'n sprokie geskryf wat kort daarna op *Siembamba* voorgelees is," vertel Chanette. "In gr. 12 het ek verlief geraak op 'n gewilde seun wat natuurlik glad nie in my belanggestel het nie. Ek het besluit om 'n storie te skryf waarin hy wél in my belangstel." Daarna het sy vir 'n volle 20 jaar nie geskryf nie en eers weer in 1995 die pen opgeneem.



**Ander interessante aspekte wat gedek is, sluit die probleme rondom karakterisering en die storielyn in**

Die skryfproses is nie 'n maklike pad nie en dit is interessant om te hoor hoe dit van skrywer tot skrywer verskil. Bets is meer ongeorganiseerd en vertel hoe sy graag in toue staan en notas op lysies maak. Sy skryf ook nie so gedissiplineerd soos Chanette nie en kan te midde van 'n groot lawaai skryf. Chanette vertel hoe sy dikwels vir tot 12 uur per dag sit en skryf, maar altyd in stilte.

Ander interessante aspekte wat deur die gesprek gedek is, sluit die probleme rondom karakterisering en die storielyn, die stand en toekoms van Afrikaans, die herskryfproses en skrywersvryheid in.

Die boekgesprekke is insiggewend en elke jaar vir lesers 'n hoogtepunt. Ons sien reeds uit na die 2019 Boeke Innibos. Beide skrywers is dit eens dat, soos Bets dit stel, 'n liefde vir skryf dikwels in die moederskoot begin.




Bets Smith, Alita Steenkamp en Chanette Paul.









# Almal kort ’n bietjie pret in

**Die pretpark geniet soos elke jaar, groot aftrek. Dit is daagliks vanaf 10:00 tot laat oop, en bied ‘n wye verskeidenheid ritte wat selfs die gehardste adrenalienvrate na hulle asem sal laat smag.**
**Vanjaar is daar ook heelwat nuwe aktiwiteite wat beslis getoets moet word. Van teekoppies tot die groot wiel is soos gewoonlik, weer gunstelinge. Die pretpark spog met aktiwiteite wat kleuters en tieners sal laat skaterlag. Dit beloof oneindige pret en opwinding.** ***Fotos: Stefan de Villiers***













## hulle lewens



# Kuiken ontsluit ’n nuwe wêreld vir die kleingoed

